DIE EIKESTADWINKEL
(Edms.) Bpk.
C.S.V.-gebou, Stellenbosch.
Ons het so pas 'n aantal Klaargemaakte
AANDPAKKE
ingekry, Nos. 3 tot 7 teen £6-15-6 (min 5% vir kontant).
Deftige Klaargemaakte D.B. en E.B. pakke vanaf £5-15-0 tot £7-2-6.

# DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

VILJOEN
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL II, No. 23. VRYDAG, 4 SEPTEMBER 1942. PRYS 1d.

# Dr. Hans van Rensburg op Stellenbosch

## O.B. Staan vir Organiese Volksidee

**Die vergadering in die stadsaal op Donderdagaand, 27 Aug., tydens die onlangse besoek van Dr. Hans van Rensburg, Kommandant-Generaal van die O.B., aan Stellenbosch, was ongetwyfeld een van die indrukwekkendste en geesdriftigste vergaderings wat nog op Stellenbosch gehou is. Dit was verder gekenmerk deur die ordelikheid en dissipline wat aan die O.B. eie is.**

**Die saal was versier met O.B.- en Republikeinse vlae, en die Kaapse blaasorkes wat spesiaal vir die geleentheid oorgekom het, het die reuse-gehoor vergas op marsmusiek voor die aanvang van die verrigtinge.**

Presies om agtuur is die ligte van die saal almal afgeslaan, en temidde van die rommeling van tamboere het die K.G. die saal binnegekom met die lig van 'n skynwerper op hom gerig. Die intog was besonder indrukwekkend, en die silhoeët-gedaantes van die ere-wag wat hom geleide gedoen het, het verdere luister verleen aan die plegtigheid.

Toe die K.G. op die verhoog kom is die eerste balke van *Die Stem* deur die orkes aangehef, terwyl die hele skare in diepe stilte gesalueer het.

Na vlae gehys is, en die verrigtinge geopen is met 'n gebed deur Prof. E. E. van Rooyen, het Genl. Pretorius die besoekers verwelkom en die sprekers aan die woord gestel.

### Dr. van Rensburg.

Die K.G. het daarop gewys dat in 1938 vir die eerste maal die gees van vernuwing wat oor die hele wêreld vaardig is, ook in Suid-Afrika waar te neem was. Daarop het die O.B. koers ingeslaan en hom gerig, weg van die Empaaier, na 'n Republiek — 'n Christelik-Nasionale gesagsstaat, tegelyk nasionaal en sosiaal van aard. In die voorgestelde staat sal iedereen reg hê op vryheid op alle gebiede, mits sodanige vryheid nie volkskadelik sal inwerk nie, en waarin ook die teenswoordig arm Afrikaners van 'n ordentlike bestaan verseker sal wees. **Die O.B. het 'n lewenshouding en nie 'n program wat op kongresse verander word nie. Dit het geen sosiale rangordes nie, maar berus op verantwoordelikheid en meriete.**

Spr. het verder die verskillende magte wat die O.B. bekamp genoem — die geldmag, die pers, die regering, en ook die opposisie. Hy het egter daarop gewys dat die O.B. in staat is om aan hulle almal met gemak die hoof te bied, omdat die beweging op onomstootlike beginsels berus. Hy het verder daarop gewys dat die eerste doelwit van die O.B. die vernietiging van die volksvreemde partystelsel moet wees en is. *„Weet u van nog iets soos die Partystelsel wat soveel haat onder ons volk gesaai het?”*, het hy gevra. *„Die Partystelsel is saam met die Union Jack in ons land ingebring, en hy moet saam met die Union Jack hieruit.*

Nadat die weg van die O.B. en die party-doolhof teenoor mekaar gestel is, het die K.G. afgesluit met die uitspraak van die hoop dat, noudat die pad duidelik geword het, alle mense wat saamhoort as gevolg van hul gesamentlike strewe na eenheid in die Christelik-Nasionale gesagsstaat hul taak sal aanvaar en hul sal saamskaar op die Pad van Suid-Afrika.

### A.-K.G. Smith.

Die toespraak van Dr. van Rensburg is voorafgegaan deur 'n kort rede van die Kaaplandse A.K.G., mnr. J. A. Smith.

Hy het beweer dat ten spyte van wat die koerante aldag verklaar, die O.B. geheel nie dood is nie. In die geesdrif wat ook daardie middag deur die studente-jeug aan die dag gelê is, sien hy dat die oorwinning van die volksgedagte teenoor die belange-gedagte reeds beklink is.

Hy het beweer dat die O.B. nie meer alleen defensief is nie, maar ook offensief in toenemende mate. *Vir O.B.-lede is daar nou geen verdere keuse as: veg of vergaan!* Hy het dan ook die verdere aanstuwing van die stryd en volharding aangemoedig, ten einde die volk los te kry van die ou idees van belangebeskerming wat deur die geldmag tot hoofmotief in die moderne samelewing gemaak is.

Weens 'n kniebesering opgedoen op Juniordag is mej. Noelle Grobbelaar nog ongesteld.

# JUNIORDAG

## Lentefees Gevier op Tradisionele Wyse

Verlede Maandag is andermaal op Juniordag die koms van die lente op Stellenbosch gevier op tradisionele wyse.

Reeds drie-uur in die môre het die Junior-koor hul rondte gedoen en elke kosinrigting met 'n serenadesang gewek, om die groot dag aan te kondig. Die koorsangers was op merkwaardige wyse afgerig, en aan hulle sang kom alle lof toe.

Na die optog deur die strate in die môre, is almal na Coetzenburg, waar die eintlike oggend-program sou afgespeel word. Die hekke wat toegang verleen tot die veld was versier met lelies en 'n groot boog is daaroor gespan, met die woord Lentevrede daarop. In die regterkantse hoek van die hek is 'n Hollandse meul opgerig, en talle van „Hollandertjies” het, ook of lofwaardige wyse, die gaste welkom-gesing.

OORLOG EN VREDE

Die program op die veld het 'n

*Vervolg op bls. 3 kol. 2.*

## Dr. Wilcocks se Mening oor Juniordag

Die Redaksie van „Die Matie” het my genader om my opvatting van die wyse waarop Juniordag 1942 gevier is.

....Baie graag sou ek die klem wou lê op wat ook in vanjaar se viering goed en mooi was. Dit sou egter onvanpas wees omdat daar te veel gebeur het wat afgekeur moet word.

Die wangedrag van 'n aantal van die Juniors by die noenmaal te „Dagbreek” en elders is iets waaroor ons ons alleen kan skaam. Die Juniorblad bevat, naas verdienstelike bydraes, onwelvoeglikheid waarvan die aard, omdat die stukke in 'n bedekte vorm bewoord is, deur die Redaksie nie begryp is nie.

Sake kan só nie gelaat word nie.

R. W. WILCOCKS,
Rektor.

APTEKERS

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

JOERNING EN SEUN
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

# Skitterende Optog

Op die middag voor die belangrike vergadering wat deur Dr. van Rensburg in die stadsaal gehou is, het die studente-kommandos voor hom verbygestap en die O.B.-groet gegee.

Die kommandos is in gelid opgestel, met die hoofkommandant en sy personeel vooraan. Die wit drag met blou nekdoeke het veel daartoe bygedra om die optog aanskoulik te maak, en met die tamboere vooraan het hulle deurtog deur die strate van alle kante opspraak verwek.

Voor die historiese hoofgebou van ons Universiteit het hulle voor die K.G. en 'n aantal belangstellendes verbygegaan, en die forse indruk van die hele prosessie het 'n geesdrif verwek onder die lede van die front sowel as by die besoekende offisiere, wat nog steeds op die lippe van almal wat daaraan deelgehad het, leef.

### BYEENKOMS OP COETZENBURG.

Op Donderdagmiddag voor die optog het 'n aantal lede van die studentefront saam met Dr. van Rensburg onder die bome op die onderent van Coetzenburg byeengekom waar op informele wyse die jong geesdriftiges die leier kon ontmoet en gesellig met hom omgang maak. Die K.G. het op dié geleentheid allerlei interessante anekdotes i.v.m. die uitvoering van O.B.-werksaamhede deur die land meegedeel.

# *Nasleep van Juniordag*

Verlede Woensdagmôre het 'n pamflet, by name „Pro Veritate” sy verskyning op Stellenbosch gemaak, waarin heftig protes aangeteken word teen sekere insidente wat op Juniordag sou plaasgevind het. Dit is 'n weerspieëling van die ontevredenheid wat in wye kringe in ons studentegemeenskap heers oor die gedrag van sekere persone op Juniordag, en die oortuiging dat die tyd aangebreek het vir ingryping indien Juniordag as lentefeesdag wil voortbestaan.

Mej. Hannah Spence van Huis-de-Villiers het Stellenbosch verlaat en hoop om volgende jaar weer haar studies hier voort te sit.

*AAN DIE SPORTSMAN*

Al die voorste Stad- en Platteland-spelers gebruik 'n De Wet's gespande Raket. Dit sal u volkome bevrediging verskaf.

PROBEER DIT

Ons Nuwe Voorraad vir hierdie Seisoen is nou op hande. Kom besigtig ons venster.

GEBROEDERS DE WET (EIENS.) PBK.
Bus 21. STELLENBOSCH. Foon 20.

Suikerbossie Melksalon

HOOFKWARTIER van GESONDHEID.

Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.
Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

# Die Plaza

Foon 0013.

Vrydag 4 en Saterdag 5 Sept.
Middagvertoning Saterdag 3 n.m.

„You'll Never Get Rich"

GROOT MUSIEKDRAMA!
Word wonderlik vertolk deur

FRED ASTAIRE
en
RITA HAYWORTH.

R. MÜLLER
EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
Alle ander soorte
MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK. WAPENS, AMMUNISIE, ens.



R. MÜLLER
(Eiens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

Van derStel
Bottelstoor
Andringastraat
STELLENBOSCH
(Foon 94.)

Wyn, Brandewyn en Bier altyd beskikbaar.

Onthou groot voorrade koeldranke altyd op hande.

N.B. — Bel Koos Tredouw vir u volgende Partytjie.

Dames dis u plig om u hare by die
DAMES HAREVERSORGINGSALON
te laat versorg.
*U voorkoms is hoofsaak.*
U onderskeiding by ons verseker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.
*Ons pryse is na u smaak.*
Dagbreek-Dames-Hareversorgingsalon
Langmarkstraat 141,
KAAPSTAD.
(Grondvloer).
*Skakel 2-5662.*

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
R. W. van Rijn,
BRILMAKER.
Kamers 501-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame.
Spesiale afslag vir Studente.



## DIE MATIE

Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Korrespondensie: Die Besigheidsbestuurder, Dagbreek, Stellenbosch.

Deel II. 4 SEPT. 1942. No. 23.


## PRO VERITATE

*Die Matie* het nog steeds in die verlede te velde getrek teen die liberalistiese gees wat in die laaste paar jare in ons studentelewe posgevat het. Hierdie liberalistiese gees het nie net betrekking op die staatkundige en nasionale uitkyk van ons studente nie, maar begin al meer en meer die sosiale lewe van die studentegemeenskap aantas.

Daar is vandag min verantwoordelike studente wat nie bekommerd is oor die rigting wat ons studentejolyt inslaan nie — veral na aanleiding van die gees wat hom op Juniordag geopenbaar het. Dit is algemeen bekend dat daar mans sowel as dames is wat hulle op Juniordag skuldig gemaak het aan drankmisbruik en gedrag wat 'n Afrikaner nie waardig is nie. In hierdie verband het 'n pamflet, *Pro Veritate*, verskyn wat hom ten doen stel om sekere van die insidente wat sou plaasgevind het aan die lig te bring. Indien die helfte van die bewerings waar is, dan is dit ook waar dat ons studentelewe al ver gevorder het op die pad van algehele degenerasie.

Dit is besonder jammer dat hierdie losbandige gees juis sy toppunt moes bereik met die viering van Juniordag vanjaar, want Juniordag is 'n feesdag wat eie is aan ons Universiteit, waar dit vir die hele studentegemeenskap die geleentheid bied om die koms van die lente te verwelkom. Vir die seksie van ons gemeenskap wat aangetas is met die losbandige gees bied dit toevallig die geleentheid om hulle te buite te gaan. Dit sou dus onbillik wees om alleen die Juniors van vanjaar, wat in die geheel 'n baie aantreklike program aangebied het, te blameer vir die onsmaaklike voorvalle.

Nietemin help dit nie om die feite te verbloem nie, en die feite is dat daar 'n ongesonde gees onder ons studente gestadig posvat. Die gevolg is dat in plaas van gesonde pret en jolyt, losbandigheid aan die orde van die dag is by enige feesviering!

Indien ons die naam van Volksuniversiteit wil bly behou is dit nodig dat ons die sedes van ons voorvaders in ere moet herstel. Dit help nie dat ons ons beywer om hulle ideale op staatkundige gebied te verwesenlik, en te strewe vir die uitbouing van hulle lewensbeskouing in 'n vrye onafhanklike republiek nie, en dan die toepassing van die lewensbeskouing op sedelike gebied vergeet nie.

***In hierdie verband staan die A.N.S. se koers klaar en duidelik: die A.N.S. as verteenwoordigende Afrikaanse Studentebeweging beywer hom in die eerste plaas ook om ons verlore volkswaardes in ere te herstel en 'n gesonde eie Afrikaanse studentegees te kweek en te handhaaf.***

Hierdie losbandige gees kan nie langer aan ons Universiteit geduld word nie. En dit help ook nie om die goeie naam van ons Universiteit te beskerm deur die dinge te verswyg nie; op die platteland hoor mens immers maar al te dikwels van die uitspattighede wat op Stellenbosch aangaan. Daar is net een manier waarop die goeie naam van ons Universiteit gered of herstel kan word en dit is deur drastiese optrede van die kant van die owerhede.

Dit sou niks baat om die verskyning van „Pro Veritate" af te keur op grond daarvan dat dit sekere onaangename feite die wêreld instuur nie. Dit is juis hierdie gemelde insidente wat ons aandag moet geniet — en nie langer die verbloeming daarvan nie!

# Die Oorlog

## XXIII. Na Drie Jaar.

*Deur Prof. J. A. Wiid*

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

### NOORD-WESTELIKE EUROPA

Dit is vandag (1 September) net drie jaar dat die Duits-Poolse oorlog begin het en op 3 September sal dit drie jaar wees dat Brittanje en Frankryk aan Duitsland die oorlog verklaar het. Sedert daardie gedenkwaardige September 1939 het die oorlog 'n wêreldoorlog by uitnemendheid geword. Die stryd het tot alle kontinente, oseane en seë uitgebrei. Op die derde verjaarsdag van hierdie bloedige wêreldramp is 'n terugblik, 'n nabetragting oor die driejarige verloop van die oorlog nie onvanpas nie.

Die onmiddellike oorsaak van die oorlog, soos algemeen bekend is, was die strydpunte Danzig en die Poolse Korridor wat te Versailes gebore is en die Brits-Franse waarborg aan Pole. Dit is die onmiddellike maar geensins die enigste oorsake van die oorlog nie. Die ware oorsake van die stryd, soos in die geval van alle oorloë, lê veel dieper as die onmiddellike oorsake, as Danzig en die Poolse Korridor, as die vuurhoutjie wat die buskruit laat ontplof het.

Dit is nie ter sake om by hierdie geleentheid oor die ware oorsake van die oorlog uit te wei nie — dit sal die werk van toekomstige navorsers wees — maar veelmeer om op hierdie derde verjaarsdag van die wêreldbrand 'n soort van balansstaat op te trek. By die optrek van so 'n balansstaat is daar sekere uitstaande feite wat tot dusver uit die oorlog gebore is en wat eenvoudig nie weggeredeneer kan word nie. Een van hierdie uitstaande feite is die radikale verandering wat die Europese, politieke konstellasie en Europese magsverhoudings ondergaan het. Na die blitssnelle verowering van Pole in September 1939, die besetting van Denemarke, Noorweë, Holland en België in April en Mei van 1940, die verdrywing van Britse strydmagte uit Wes-Europa (Duinkerken) en die onderwerping van Frankryk in Junie 1940 het daar op die Wes-Europese vasteland geen militêre mag oorgebly om die Duitse oormag te betwis nie. Die grootmoondheid Frankryk en sy veel geroemde Maginot-linie was iets van die verlede.

### SUIDELIKE EUROPA

Intussen het Italië aan die kant van Duitsland oorlogvoerend geword en is die oorlog tot die Middellandse See en Afrika uitgebrei. Hiermee is dit egter nie Brittanje se magsposisie, wat in hierdie gevegte vernietig is nie, maar Italië wat sy Oos-Afrikaanse ryk verloor het en groot gevaar geloop het om ook uit Noord-Afrika en die Middellandse See verdring te word. Dit is alleen met Duitse hulp dat die posisie ten gunste van Italië 'n wending geneem het. Vandag is dit dan ook nie die Britte wat voor Tunisië staan nie maar Duits-Italiaanse strydmagte wat tot gevaarlik naby Alexandrië gevorder het. Dit is ook nie die Britse vloot wat vandag onbegrensde heerskappy oor die Middellandse see voer nie. Hierdie verslegting van die Britse posisie in die Middellandse See sowel as die Duitse besetting van die hele noordwestelike Europese kus vanaf die verre Noorde (Finland) tot aan die Spaanse grens is woede werklikhede waarmee veral 'n seemoondheid soos Brittanje rekening moet hou. Dit bring ook mee dat Brittanje, op die gebied van die lewensbelangrike oorseese handel, feitlik van Europa uitgeskakel is en op verre kontinente aangewese is. En op hierdie gebied is dit die vyandelike duikbote wat die grootste gevaar uitmaak.

### VERDERE UITBREIDING VAN DIE OORLOG

Toe Italië oorlogvoerend geword het, het die stryd ook na die Balkan uitgebrei. Aanvanklik was dit 'n roemlose oorlog wat Italië gevoer het teen Griekeland wat hom heldhaftig verdedig het. Die landing van Britse strydmagte op Kreta en Griekenland, die staatsgreep in Suid-Slawië en die gevolglike opsê van 'n verdrag wat kort te vore tussen hierdie staat en Duitsland tot stand gekom het, is in die voorjaar van 1941 gevolg deur 'n Duitse oorlogsverklaring. Na 'n blitssnelle veldtog is Suid-Slawië en Griekeland deur die Spilmagte beset en is die Britse strydmagte uit Griekeland en Kreta verdryf of gevangegeneem. Ook hier op die Balkan is 'n Britse invalspoging, wat volgens sommige optimistiese Britse kommentators in 'n oorwinningslag op die vlaktes van Weenen sou eindig, in die kiem gesmoor. Hiermee is nog 'n poort van Europa vir Brittanje gesluit. Die uitsluiting van Engeland uit Europa was des te vollediger as in aanmerking geneem word dat ander Balkanlande soos Bulgarye, Roemenië en Hongarye openlik hulle lot by die Spilmagte ingewerp het, dat Spanje met Duitsland en Italië gesimpatiseer het en dat selfs die vroeëre bondgenoot Frankryk, na Britse aanvalle op Franse skepe en Franse grondgebied, alles behalwe vriendskaplik gesind was.

### RUSLAND.

Die lewensbelangrike vraag vir Brittanje was: Wat sou die Kommunistiese Rusland doen? Sou die Russies-Duitse nie-aanvalsverdrag van Augustus 1939 gehandhaaf word? Dit is duidelik dat Rusland die geweldige magsuitbreiding van Duitsland nie kon toelaat nie. Die Russiese besetting van 'n deel van Pole, die Russiese aanval op Finland, die Russiese besetting van die Oossee-state en Bessarabië en veral die Russiese erkenning van die Staatsgreep-regering van Suid-Slawië lewer genoegsame bewyse dat Stalin hom gereed gemaak het vir 'n kragmeting met Hitler. Dit is moontlik dat die tempo van Hitler se oorwinnings vir Stalin te verrassend snel was, en dat die Russiese diktator 'n uitgeputte Duitsland en Wes-Europa veronderstel het vóór die Russiese kolossus in beweging gebring sou word. Hoe dit ook al sy, dit was Hitler en nie Stalin nie wat in Junie 1941 die eerste geslaan het. Brittanje het 'n magtige bondgenoot en Duitsland sy gevaarlikste vyand gevind. Die mokerhoue van die Spil sou voortaan teen Rusland en nie soveel teen Brittanje gemik wees nie. Dit was 'n verlossing vir die Britte. Of hierdie verlossing slegs van tydelike aard sal wees, is 'n saak wat nog nie uitgemaak is nie. Op die oomblik is dit egter nie die Russe wat voor Berlyn staan nie maar wel die Spiltroepe wat tot in die Kaukasus deurgedring het en Stalingrad, Moskou en Leningrad bedreig. Die beslissende eindslag in

*Vervolg op bls. 3 kol. 2.*

Rook Springbok-Sigarette

## PLATE-PROGRAM

*Sondagaand om 8.30*

### 'n Uurtjie met Wagner

„Ek kan die Gees van die Musiek nie anders begryp as in die liefde nie." — Richard Wagner.

Richard Wagner is in 1813 te Leipzig uit 'n musikale familie gebore. Hy word groot te Dresden, waar hy Weber sien en bewonder, en Leipzig, waar hy ook in die musiek studeer. Van jongsaf toon hy 'n groot voorliefde vir poësie, en voordat entoesiasme vir Beethoven hom in 'n musikale rigting stuur, is meeste van sy tyd aan die skrywe van gedigte en toneelstukke bestee. Op 19-jarige leeftyd skryf hy 'n simfonie wat in 'n Gawandhaus konsert voorgedra word, en daarna vul hy verskeie poste as dirigent: Magdeburg (1834—6), Königsberg (1836) en Riga (1837—9). In hierdie tyd skryf hy die opera „Rienzi" en trou met een van sy sangeresse, Minna Planer. Van 1839—42 wend hy vrugtelose pogings aan om 'n bestaan in Parys, waar hy Meyerbeer ontmoet, te voer.

Vanaf 1842 is hy Kapellmeister te Dresden waar „Der fliegende Holländer," wat die begin van 'n nuwe tydperk in die kunsgeskiedenis aanteken (1943) en „Tannhäuser," die eerste van sy skeppinge gebaseer op Duitse mites (1845), opgevoer word. Weens diep skuld en sy meegevoel met die revolusionêre beweging van 1849 moes hy na Parys vlug. Deur die inspanning van Lizt word „Lohengrin" in 1850 te Weimar opgevoer. Intussen het hy die meeste van die librettos van sy operas (en baie ander geskrifte) gepubliseer.

Na 10 jaar van verbanning ontvang hy kwytskelding en gaan woon te Munich, waar Koning Ludwig van Beiere sy geesdriftige beskermheer word. Hy skei nou van sy eerste vrou en neem Cosima von Bulow (Liszt se dogter), met wie hy in 1870 trou. In 1865 voer Hans von Bulow (Cosimo se man) Wagner se „Tritan und Isolde' 'te Munich op. „Die Meistersinger" volg in 1868. Na sy vroeëre stryd om sy ideale en vir sy bestaan, is hy nou wêreldberoemd en ontvang alle eer wat hom toekom.

In 1872 word Wagner se eie groot teater te Bayreuth opgerig en word in 1876 met die eerste opvoering van sy edele letralogie, „Der Ring des Nebelungen," geopen (onder Richter, sy groot vriend). Ook sy laaste drame en kronende prestasie, „Parsifal" word daar opgevoer in 1882 (onder Levi). Die skepper van musiek-drama (want dit is wat sy operas werklik was) is die volgende jaar in Venisië oorlede. Na sy dood het veral sy weduwee, Cosima, wat hom 47 jaar oorleef het, bygedra tot die instandhouding van die opvoerings te Bayreuth — die „Wagner Festspiele."

Wagner se groot bydrae het tot 'n deurlopende geheel (en nie 'n aaneenskakeling van aries nie) en hy het 'n nouer samewerking tussen die toneel en die musiek verkry (dus musiekdrama). In sy werke word elke belangrike karakter of idees met 'n „leitmotiv" aangedui (dit verskyn altyd in die musiek as iets in die drama plaasvind wat betrekking op die onderwerp van die „motiv" het).

Die program sal heelwaarskynlik insluit: „Tannhäuser Overture", „In fernem Land" uit „Lohengrin", „Isoldes Liebestod" uit „Tristan und Isolde," „Preislied" en „Kwintet" uit „Lie Meistersinger," Die „Vuurmusiek" uit „Die Walküre" Die „Dode-mars" uit „Götterdämmerung" (laaste twee operas is deel van „Der Ring").

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**

## DIE OORLOG

*Vervolg van bls. 2 kol. 4.*

Rusland moet egter nog gelewer word.

### DIE VERRE OOSTE

Die oorlog het verdere uitbreiding gevind toe ook Japan en die V.S.A. in Desember 1941 oorlogvoerendes geword het. Ook hier was dit nie die Geallieerdes nie maar Japan wat vinnige en groot oorwinnings behaal het. Die magsposisie van die Bondgenote in die Verre Ooste is ernstig geknak en daar soos elders is veel wat gedoen moet word om verlore veld te herwin. Met hierdie teenoffensief is na drie jaar van oorlogvoering nog nergens 'n ernstige begin gemaak nie. Die gevaar bestaan selfs dat in die Verre Ooste en ook elders die lydingsbeker van die Geallieerdes nog nie vol is nie.

### NUGTERHEID I.P.V. WENSDENKERY

Vir baie mense, wat op optimistiese oorlogspropaganda geleef en geteer het, sal die drie oorlogsjare nare ontnugterings besorg het. Dergelike nare ontnugterings kan veral gevaarlik wees as hulle voorafgegaan is deur optimistiese voorspellings. Klaarblyklik begryp die meeste Geallieerde staatslui dit ook vandag. Vandaar dat liedjies soos dié van wasgoed op die Siegfriedlyn plek gemaak het vir sobere selfs sombere waarskuwings van Geallieerde leiers, nl. dat die eindoorwinning nog nie daar is nie en dat baie offers aan goed en bloed nog gebring sal moet word voor daardie eindoorwinning behaal is. Hierdie laaste soort propaganda sal baie meer effektief wees as die uiters hoopvolle en fantastiese wensdenkery van die verlede.

## JUNIORDAG

*Vervolg van bls. 1 kol. 1.*

oorwinning van die gees van vrede wat die lente bring oor die oorlogsgees wat oor die wêreld vaardig is, voorgestel. Na „Oorlog" deur militante dametjies in dansbewegings voorgestel is, en die rosegeur van die lente aan die anderkant verskyn het, ook in sierlike gewade, al dansend, het die twee partye teenoor mekaar te staan gekom, en het die onvermydelike wrywing gekulmineer in 'n botsing tussen die prins van vrede en God van oorlog, wat mevrede en God van oorlog, wat mevrede en swaarde te lyf gegaan het. Maar op hierdie stadium het die lente-koningin (mej. Fia Lamprechts) haar sierlike opwagting gemaak, die haar sierlike opwagting gemaak, die geveg stopgesit, en die hele toneel vervul met die lente-gees van liefde en eensgesindheid, waarna daar de en beide kante aan haar hulde gebring is, en sy 'n wit duif. simbool van vrede, losgelaat het. (Treffend was die feit dat terwyl die lentevrede besig was om oor die gees van oorlog te seëvier op die A-veld, twee honde op dramatiese wyse 'n hoender geskraap het op die B-veld!).

### JAARGETYE.

Die middagprogram was nie baie interessant nie, maar in die aand is die opvolging van die voorafgaande seisoene deur die lente andermaal voorgestel deur 'n beeldskone dame, wat op haar bepaalde beurt onder koor- en orkesmusiek te voorskyn gekom het met dans-, sang- en voordragbegeleiding.

Toe Lente tevoorskyn tree is 'n dans deur twee feetjies, wat met 'n groot silwerbal gespeel het, uitgevoer, wat gelykstaan aan die die skoonste wat Junior-oorspronklikheid al ooit aan die studente-gemeenskap gebied het.

Die Juniors kan gelukgewens word met hul lentefeesdag. Dit is egter jammer dat die aangename gees van die dag versteur is deur 'n paar baie onsmaaklike insidente.

## Onder Onsies

Saterdag is adv. Japie de Vos, oud-Matie, en mej. Ileana du Toit, van Seepunt, in die Groote Kerk, Kaapstad, in die huwelik bevestig. 'n Groot aantal Stellenbossers, professore sowel as studente, het die verrigtinge bygewoon.

* * *

Die gekombineerde Greylock- en Conserv.-dans sal op die 11e September in die Conserv. gehou word. Alle Conserv.-studente mag deelneem en name moet ingehandig word by een van die volgende; mejj. Cecilia de Klerk, Mickie Nel, Elma Basson en Amelia Ackermann.

* * *

Mnre. Popeye Cilliers, San du Toit en M. C. Botha is Juniordag hier opgemerk onder die toeskouers.

* * *

Mej. Nellie Beneke is gekies as as addisionele huiskomiteelid van Sonop.

* * *

Verlede Donderdagmiddag het mev. Dreyer en die Huiskomitee van Huisde-Villiers opgetree as gasvrouens vir 'n ontvangs ter ere van mej. Maggie Laubscher. Daar was ongeveer 100 gaste teenwoordig en die funksie was 'n skitterende sukses.

* * *

Mej. Bettie Gericke van Harmonie se ouers het op Juniordag 'n besoek aan Stellenbosch gebring.

* * *

Eerskomende Saterdag moet die 1ste Netbalspan hul kragte meet met hul sterkste teenstanders, nl. die Paarlse Opleidingskollege. Sover is die Maties onoorwonne. Ons beste wense vir Saterdag.

*VERDIEN TERWYL U STUDEER!*

Op die Redaksie van
**DIE LANDMAN**
is 'n vakature vir 'n dame wat joernalistiek wil bestudeer.
Skryf om besonderhede aan:
Die Redaksie,
DIE LANDMAN,
Posbus 154, Stellenbosch.

**Alfred Blommaert,**

(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

*Ondersteun Die Matie*




● Vanaf Kaapland, tot ver in die Noorde, tot anderkant die Vaal, is hierdie Fakkel gedra deur duisende jong hande.

Deur storm en wind, deur reën en hetige son — van hand tot hand aangegee — soos dit ook aangegee sal word van geslag tot geslag.

So sal ook alle Afrikanerprodukte van hand tot hand — van man tot man aangegee word in hul Vaderland — Omdat hulle gemaak is deur Afrikanerhande — en Omdat 'n Man gemeet word aan sy dade en nie aan sy woorde alleen nie.

● Geplaas in belang van die huidige en komende Afrikaanse Nywerhede deur die Fabrikante van „PATRIOT."

Patriot



VOORBRAND TABAKMAATSKAPPY (EDMS) BEPERK,
Kommissarisstraat 200, JOHANNESBURG.


**Rook Springbok-Sigarette**

## „Voortrekker-apteek" op Stellenbosch ge-open

In Andringastraat (net langs die Barclays-bank) is verlede Maandag 'n Afrikaner-apteek ge-open.

Die plek is smaakvol ingerig, en sal in alle apteek-behoeftes voorsien. Dit kan wees dat in die begin-stadium van sy bestaan sekere dinge met effense moeite beskikbaar gestel sal kan word, maar die ondernemers hoop om spoedig hulle sake in die haak te hê.

Ons wil die hoop uitspreek dat die onderneming 'n sukses sal wees.

## U.S. Skaakklub

Op Dinsdagaande word die stilste byeenkoms op Stellenbosch in die C.S.V.-ruskamer gehou; 'n byeenkoms wat selfs stiller is as 'n kerkdiens. Dit is die U.S. Skaakklublede wat vergader om hulle intellektuele bekwaamhede te toets.

Na 'n semester blyk dit dat die lede se skaakstrategie al 'n taamlike hoë peil bereik het. Die doel van ons klub is dan ook om die grondbeginsels van skaak aan ons lede duidelik te maak sodat hulle 'n meer sistematiese spel kan speel.

Met leedwese moet ons egter meedeel dat B. J. v. d. Sand de Villiers, die stigter van ons klub en ons gewese voorsitter, weg is. Hy was een van ons beste spelers en die klub is heelwat swakker. Die nuwe bestuur bestaan uit F. Bellstedt wat as voorsitter optree en C. de W. de Klerk as sekretaris.

Ons eerste klubtoernooi is alreeds afgehandel en die volgende persone neem die eerste vier plekke in:

Eerste: F. H. Belstedt.
Tweede: C. de W. de Klerk.
Derde: D. J. du Toit.
Vierde: J. F. de Villiers.

Hierdie vier persone sal ons klub in die vervolg verteenwoordig in enige wedstryd.

As dit moontlik is sal ons aanstaande jaar skaakintervarsity teen U. Kaapstad hou. Die Ikeys beskik oor sterk spelers sodat ons ook goeie spelers sal moet lewer. Met die oog hierop wil ons alle moontlike spelers uitnooi om by ons klub te kom aansluit. Kom toets u „Skaak Intelligensie Koëffisiënt!"

Ons sal nou begin met 'n program van konsultasie-wedstryde met die doel om nuwelinge in skaak op te lei.

Dit is nie nodig dat Stellenbosch op die gebied van skaak op die agtergrond moet bly nie. Ons kan net sulke goeie en moontlik nog beter spelers as ander klubs oplewer.

HALDENWANG!!

HEERLIKE GEBAK — NET WAT U HART BEGEER.

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Botterbroodjies en alles wat lekker is.

(FOON 135)

„Die Uitspan"

Waar? In die C.S.V.-Hoofgebou.

Wat? KAFEE waar warm etes, warm- of koeldranke en allerlei lekkernye bedien word. - - - -

Voorwaarde? Kom vind uit en wees verseker van bevrediging in „Die Uitspan"

## K.S.B. Uitvoering.

Die weeklikse orkesuitvoering van gewyde musiek deur die K.S.B. het tot dusver 'n groot sukses geblyk te wees, en die aantal belangstellendes was kom luister styg reëlmatig met elke uitvoering: verlede keer was amper alle sitplekke in die saal beset.

Dis verheugend dat daar sulke duidelike blyke van belangstelling vir die orkes se werksaamhede is, en

## Koos Meyer

baas-orator in Matieland sal die menigtes inlig oor die toekoms van blaasorkeste in Suid-Afrika!

Kom seker na die **Studentever-skeidenheidskonsert** met die K.S.B. as **aantreklikheidsnommer:**

Dinsdag 22 Sept. om 7 n.m. in die Murray-Gedenksaal, C.S.V.-gebou.

alle musiekliefhebbers wat nog nie van die geleentheid om te kom luister gebruik gemaak het nie, word nogmaals hartlik uitgenooi om dit nou te doen.

Belangstellendes word net beleef versoek om betyds te wees, omdat dit baie hinderlik is as daar nog heen en weer geloop word nadat die uitvoering begin het.

Daar is elke week 'n verbetering in die gehalte van die uitvoering merkbaar, en dit is beslis 'n genoeë om die program wat Sondagmiddag 4.30 in die ateljee (Coetzenburgterrein) gegee word, te hoor. Enigeen is welkom om hom aanstaande Sondag hiervan te oortuig.

## S.V.R. Besluit oor Heldedag.

Op 'n vergadering van die S.V.R. verlede Dinsdagaand is mnr. Charles Hopkins tot vise-voorsitter gekies, en mnr. Jan Mouton tot tesourier. Daarna is 'n besluit voorgelê dat die S.V.R. vanjaar die viering van Heldedag sal onderneem. Vir die doel is dus 'n komitee gekies, en hulle sal sorg vir die nodige reëlings. Op die komitee dien die volgende persone: mnre. C. Slabbert, J. Mouton, M. Hough (Konvenor), Buks Fouche, W. A. Joubert en mej. J. Hofmeyr.

Vervolgens is mnr. Tol de Villiers benoem tot redakteur van „Die Stellenbosche Student" in die plek van mnr. R. Hofmeyr wat aangesluit het.

Onder verder punte van bespreking was Juniordag die belangrikste.

REKREASIE KAFÉ

Plaas u bestelling vir ingelegte vrugte—tuis gemaak. Probeer ons vars lekkers en sjokolade en kom geniet u verversings hier.

Eien.: M. E. STAMATIS.

Onthou . . .

J. C. BERGH

Die Kleremaker!

- Vir u volgende Pak
- Werk Gewaarborg
- Billike Pryse
- Beste Materiaal

Nuwe Adres: Net langsaan die Suikerbossie!

Daar's 'n Rede

Die knapste Student kry die beste pos.

Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.

Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.

Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## Uiters Geslaagde Gewyde Konsert

### Mev. Hugo se Sanguitvoering

Stellenbosch het weer die aangename voorreg gehad om na Mev. Gladys Hugo se behoorlike sang te luister, toe sy verlede Sondagaand in 'n gewyde konsert onder beskerming van Polumnia en die Musiekvereniging opgetree het. Die Konservatoriumsaal was te klein vir die opkoms en baie moes ongelukkig omdraai.

'n Mens voel dat i.v.m. hierdie konsert selfs superlatiewe tekort skiet. Nadat die program bekend gemaak is, is met buitegewoon hoë verwagtings daarna uitgesien en dié verwagtings is ver oortref. Wat veral treffend was, was Mev. Hugo se egte, innige en verfynde interpretasie van al die werke.

Mev. Hugo het die program met 'n aantal korale (meestal van J. S. Bach) geopen, en haar sang het in „Kom, soete dood," „Wie Schön leuchtet der Morgenstern" (Nicolai) en „Gelowige hart, wees vrolik" besondere hoogtes bereik. Van buitegewone betekenis was Psalm 68 (o.a. deur Bach verwerk in die Mattheus Passie), gesing in Frans soos ons Hugenote-voorvaders dit gedoen het.

In „Hallelujah" (oorsprong onbekend), Mozart se „Ave Verum" en „Allelujah" as ook in Verdi „Ave Maria" (Otello) en „Libera Me" (Requiem-mis) sekerlik onvergeetlike sang gelewer. Die program is afgesluit met die delikate „Aan die Kinders" (Rachmaninoff) en ons geliefde „Aandgesang."

Vir die bekwame begeleiding was Mej. J. van Niekerk asook dr. G. G. Cillié verantwoordelik. Prof. dr. Con de Villiers het tydens die verduidelikings van die nommers leersame feite i.v.m. ons psalms en gesange meegedeel en is ook verantwoordelik vir die Afrikaanse vertalings wat gesing is.

Mnr. P. Verhoef het die gaste welkom geheet en hul is deur mnr. Stegmann bedank.

Wees Gewaarsku!

Mnr. ANDRE HUGUENET besoek STELLENBOSCH vir 'n TWEEDE KEER

op Vrydagaand, 4 Sept. 1942 met

„ABSALOM MY SEUN"

Ons Verwag 'n Vol Saal.

Neem dus u laaste kans waar om hierdie onvergeetlike familiedrama te sien afspeel.

Bespreek u Plekke by DIE C.S.V.-BOEKHANDEL.

## Hulle Standpunt— Beginselloosheid ?

Die enigste antwoord wat ons nog ontvang het op ons herhaalde uitnodiging aan nie-A.N.S.-sers op Stellenbosch om aan te toon waar hulle op beginsels van ons verskil, is — stilswye.

Intussen word daar probeer om tot die stigting van 'n „neutrale" studentevereniging á la Wellington en Bloemfontein oor te gaan.

Moet ons nou aflei dat NEUTRALITEIT hul enigste BEGINSEL is? So nie, wat IS hul beginsels?

Die koers van die A.N.S., onafhanklik van enige ander liggaam, staan steeds helder en duidelik.

## Hokkiesake

Verlede Saterdag sou U.K. I teen U.S. II en U.K. II teen U.S. I opgetree het, maar onderling is gereël om die spanne om te ruil. Aangesien U.S. IV ook nog teen U.K. III gespeel het, was verlede Saterdag sommer 'n volbloed intervarsity. Die Ikeys wou blykbaar hul geskonde eer herstel, maar moes maar mooitjies weereens die vlag stryk. Cohen en Loots was verantwoordelik vir die doele in die eerstespan-wedstryd op Rondebosch, waar die Israeliete verslaan is met 'n telling van 3—1. Op Stellenbosch het die tweede span 2—0 gewen, maar die vierde span moes ongelukkig die louere prysgee.

Môre vind daar geen hokkiebotsings plaas vir die mans nie. Daar sal eersdaags 'n begin gemaak word met die jaarlikse interkoshuis wedstryde, wat vanjaar baie interessant belowe te wees aangesien Wilgenhof, Dagbreek en Privaat elkeen 'n goeie span op die been kan bring.

Mej. Mariana Hayward van Monica het die afgelope naweek 'n besoek gebring aan Darling. Ons verneem uit betroubare bronne dat daar 'n sterk aantrekkingskrag is.

* * *

Onlangs is daar onder aanvoering van mnr. Huppel Steyn 'n eetkompetisie in Dagbreek gehou. Daar was twee spanne van 5 lede elk. Die wenende span se prestasie was 58 snye brood teenoor die 52 van hul teenstanders. G'n wonder dat brood so skaars word nie!

* * *

By die geleentheid van sy verjaarsdag, Maandag, het mnr. Stefaans du Toit twee van sy vriende nl. mnr. Hubert du Plessis en mej. Elma Basson onthaal met 'n dinee.

* * *

Cecile Potgieter, hokkie-sekretaresse, toon deesdae aktiewe belangstelling in atletiek.

VICTORIA KAFÉ EN BILJART SALON

Vrugte vir gesondheid. Lekkers na die smaak. Biljart vir die vermaak.

OU LAMPIE Eienaar.

'N GROOT LETTERKUNDIGE GEBEURTENIS

So Pas Verskyn

AMPIE III —van JOCHEM VAN BRUGGEN in die „Kwarteeu-Serie" 10/-

ERNST VAN HEERDEN— „WEERLOSE UUR" 5/- 'n Eerste Digbundel.

C.S.V.-BOEKHANDEL STELLENBOSCH

Ons het nog 'n groot voorraad „Penguin"-Boeke op hande